NOTULE VAN DIE UITVOERENDE KOMMISSIE VAN DIE S.A.S.K. GEHOU OP 6 OKTOBER 1950.

TEENWOORDIG: Ds. P.N.V. de Lange en die Algemene Sendingsekretaris. Ds. W.R. de Kock weens onvermydelike omstandighede afwesig.

Ds. de Lange open die vergadering met gebed.

1. SENDINGVORM:

Die Sekretaris lê die nuwe Sendingvorm voor en dit word goedgekeur.

2. OPLEIDINGSKOOL TE ENKELDOORN:

Die Sekretaris lees briewe voor van Eerww. Pieters en Pienaar en vergadering keur die optrede van die Sekretaris, om 'n Raadskommissie vergadering van Suid-Rhodesië byeen te roep op 20 Oktober te Gwelo, goed. Die Sekretaris word afgevaardig om daardie vergadering by te woon en kan, as dit nodig is, van die vliegtuig gebruik maak.

Die hele saak word opgedra aan die Sekretaris met mag om te handel.

3. BRIEF VAN DR. BADENHORST:

'n Brief van Dr. Badenhorst word gelees. Met dank word daarvan kennis geneem.

.....
VOORSITTER.

.....

.....